**BYLAAG A: HERSTELLENDE GEREGTIGHEIDSPRAKTYKE**

1. **<u>Herstellende Geregtigheidspraktyke</u>**

1.1 Ons as onderwysers en leerders streef daarna om die kernwaardes en – beginsels van herstellende geregtigheid as fondasie te ontwikkel vir ons benaderings tot probleemoplossing en konflikhantering, hetsy formeel as dissiplinêre optrede of informeel in die klas of op die skoolterrein.

1.2. As alternatief tot huidige skooldissiplinêre optrede, sal die beheerliggaam en/of skoolbestuur, die diskresie hê om leerders wat hulself skuldig maak aan wangedrag en dus vatbaar is vir dissiplinêre optrede, te verwys vir wegkeringspraktyke in ooreenstemming met die beginsels van herstellende geregtigheid.

1.3 Daar word beoog om herstellende geregtigheid toe te pas op die volgende maniere:

1.3.1 Reaktiewe Sirkels in klasverband.
Herstellende geregtigheidspraktyk wat ontwrigtende gedrag in die klaskamer, wat die leeromgewing negatief beïnvloed adresseer en aanspreek.

1.3.2 Herstellende Intervensies.
Probleemoplossingsproses wat oortreders en slagoffers betrek. Wanneer die skade wat aangerig is deur oortreders ernstig genoeg is dat dit nie deur informele prosesse geadresseer kan word nie, maar nie ernstig genoeg dat dit formele intervensie regverdig nie. Hierdie prosesse word deur die onderwyser en die Affieraad bestuur, in samewerking met ‘n herstellende geregtigheidsleier.

1.3.3 Formele Herstellende Konferensies.
Gestruktureerde, formele proses wat leerders, ouers en personeel insluit. Oortreders word aanspreeklik gehou vir hul aksies, slagoffers word die geleentheid gegun om hul gevoelens te deel en ooreenkomste word aangegaan rakend wat nodig is om skade te herstel en toekomstige oortredings te voorkom. Konferensies word bestuur deur ‘n opgeleide fasiliteerder en/of die beheerliggaam of sy gemagtigde.